Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na gwonderboom@gmail.com.

**Was 'n Woef** mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies.
**Linda 084 344 7993**

**Vrystaat lamsvleis te koop:** Heel & halwe lam—R115 p/kg. Vakuum verpak.
Heel blad / tjops (6 per pakkie) —R139 p/kg
Heel boud / tjops —R 139 p/kg
Ontbeende skaaprol—R179 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling

**Oondgedroogte sekelbos** te koop @ R 24 'n sakkie.
Kontak **Dawid 078 500 7356** vir jou bestelling

Rommelverwydering, meubelrestourasie, herspan riempies-meubels vervang ook stoelrekbande (webbing). Ook, Prentraamwerk
**Dawie 082 556 4451 Edith 082 789 0790**

**CLE Finansiële Dienste FSP 12700** Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
**Carel Hollenbach 082 901 2441**

**R $ £ € FSP 589**
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd.
**SA Batebestuur 012 567 7657**

Vir Verfwerk en Waterdigting: Kontak Andries by 060 742 5783

# GEBEDSBRIEF
## Wonderboom Ned. Geref. Gemeente
### 13 Maart 2022

**Besoek ons WEBTUISTE:**
**www.ngkwonderboom.co.za**




Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte- en verrykende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

| LERAAR | TEMA | TEKS |
|---|---|---|
| Dr Nelius Steyn<br><br>Doop 09:00 | Die Doop:<br><br>Teken van God of 'n teken van mense? | Hebreërs 6:1+2<br>Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap. Ons wil nie opnuut die fondament lê… nie. |
| Ds Jannie Hamman<br>Soetdoring<br>09:00 | Van die gewone na die buiten-gewone... | Johannes 2:1—11 |
| Dr Nelius Steyn | Jeugdiens<br>18:00 Nagmaal<br>Overkruin<br>19:00 | Die koeël is deur die kerk… Ps 27<br>Senior Kategese |

**Nuwe Intrekkers/Besoekers**

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers!

**Siekes**

Nora Wallis, Elma van Niekerk, Jumarie Froneman, Tineke Baker, Neels de Klerk, Pieter Boshoff, Amarie Bosman, Jocy Scheepers en Chris Bouwer.

**Doop**

Ons dank en eer God saam met Pierre en Izelle Roos en Miané en Evan vir die doop van Handré Leon Roos. Mag God julle kinders deur julle, en julle deur hulle, nader aan sy liefde en wil trek!

**BID: VIR DIE UKRAINE EN RUSLAND SITUASIE!!!**

**Kategese:**

Die **Junior Kategese** (GrR-6) vanoggend na die erediens in die binnehof. Kontak dr. Nelius (082 890 8820) of Elize Steyn (061 234 5750).

Die **Senior Kategese en Belydenisgroep** (Gr7-11) is  vanaand na die aanddiens by Overkruin. Skakel dr. Nelius Steyn (082 890 8820) vir navrae. Die skole sluit 17 Maart. Daar is dus eers weer na die skoolvakansie kategese en aanddienste.

**WSA - Wonderboom Senior Aksie:**

Die bekende sanger **Piet Smit** kom kuier by ons op 16 Maart om 11:00 in die kerksaal. Toegang beloop R70 wat 'n ligte middagete insluit. Kom geniet die oggend saam met ons. Bring gerus 'n vriend/in saam. Kontak Hester 082 780 6349, Lynne 082 566 8941 of Rina 073 162 8595 voor of op Maandag 14 Maart om jou bywoning te bevestig.

***Garage sale***:

Ons hou 'n garage sale 31 Maart en 1 April in die kerksaal Indien jy items het wat in jou huis rondstaan in onbruik, bring dit asb na die kerkkantoor voor 25 Maart.

**Dankfees - Basaar 28 Mei :**

Ons  benodig hulp met stalletjies: **Koffiestalletjie** - Donasies en bydraes kan by die kantoor afgegee word: Koffie, langlewe-melk, teesakkies, suiker. **Pannekoek:** meel, olie, asyn, eiers, kaneel, bakpoeier, suiker.  **Jaffels:** mayonnaise, blatjang. **Poeding:** pakkies jellie, bokse vla, kondensmelk. Kontant donasies vir die aankoop van groente en vleis. Vir enige navrae kontak Hennie 083 442 4626 of Ninette 082 829 2062.

**CORONA GEBED:**

Bid vir ons land en vir die wêreld:

455 743 926 mense wêreldwyd het die virus gekry. 389 556 871 (85.48%) het gesond geword en 6 059 279 (1.33%) het gesterf. 4 998 760 752 [64%] van die wéreld is inge-ent.

In Suid-Afrika het 3 691 962 mense dit gekry, 99 709 (2,7%) gesterf en 3 572 534 (96,7%) gesond geword. Daar is reeds 32 517 834 inentings in RSA  gedoen. (Stats: Covid Visualizer 12 Maart 2022 om 13:00).

**Liefdesgawes**

Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee!  U dankoffers word waardeer! U kan u dankoffer EFT of Zapper skandeer of 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is:

NG Gemeente Wonderboom,  ABSA Tjek-rekening,
Reknr: 526 015 1136
Sinoville Tak 632005.